# KLEIN KAROO VOETSLAANKLUB VERSLAG

# HARKERVILLE NAWEEKSTAP

# 27-29 MAART 2026

Ons groep van sewe stappers het Vrydag 27 Maart by die Harkerville-hut by die bosbou-gemeenskap in die pragtige omgewing tussen Knysna en Plettenbergbaai ontmoet. Ons het die aand gebraai, lekker gekuier en die geleentheid gehad om te ontspan ná die week se bedrywighede.



***Vlnr agter:*** *Colin Young, Anrie Esterhuizen, Jacolise Joubert, Simoné Fourie, Dawid Fourie.* ***Voor:*** *Suezette Smit, Jaco Erasmus*

Saterdagoggend het ons vroeg begin met die staproete van twee dae, met ŉ totale afstand van ongeveer 26 km. Die roete begin by die SANParke-kantoor en kronkel vir sowat 9 km deur digte inheemse woud. Daarna sak die paadjie steil af na die kuslyn.

Langs die kus is die terrein rotsagtig en uitdagend, met gedeeltes waar kettings en selfs ŉ leer aangebring is om die klouterwerk oor die kranse makliker en veiliger te maak.





Nadat ons iets geëet en gedrink het en die pragtige natuurskoon by die see geniet het, het ons verder gestap. Na ŉ baie steil klim vanaf die kus het ons ons oornagbestemming, die Sinclair-hut, bereik. Hier is geen elektrisiteit nie, maar kanne drinkwater word deur SANParke voorsien. Die weer was onverbeterlik, en almal het die aand buite gekuier en saam kos gemaak.

Sondagoggend het ons met ’n alternatiewe roete terug na die beginpunt gestap. Die oorspronklike roete vir die tweede dag, wat nog ’n gedeelte van die rotsagtige kus verken, is tans tydelik gesluit aangesien dit te gevaarlik geword het vir stappers en onderhoudswerk eers voltooi moet word. Ongeveer die helfte van dié roete loop deur denneplantasies op ’n tweespoorpad. Vir die ander helfte het stappers ’n keuse; om die roete op die tweespoorpad te voltooi of om deur die inheemse woud terug te stap na die eindpunt. Die woud, met al sy prag, was natuurlik ons keuse, en teen middagete was ons terug by die voertuie.



’n Mens moet redelik fiks wees en stewige stapskoene dra wat goeie ondersteuning vir jou enkels bied om die Harkerville-stap gemaklik aan te pak.

’n Groot dankie ook aan die groepie stapvriende wat dié stap so besonders gemaak het.

Tot ’n volgende keer!

Colin